# Oefening 2015-8AD-00001(1)

(1) Beskou die volgende algebraïese uitdrukking: $\frac{5x - 1}{8} - 7 + x^2 + 3(2x + 1)$

(a) Uit hoeveel terme bestaan die uitdrukking?
(b) Skryf die koëffisiënt van $x^2$ neer.
(c) Skryf die konstante term neer.

(2) Skryf 'n vloeidiagram vir die volgende algebraïese uitdrukking: $5x - 3$

(3) Skryf die volgende in wiskunde sinne:

(a) Die som van $x$ en $y$.
(b) Verdubbel die verskil tussen $p$ en $q$.
(c) Die vierkant van $m$, vermeerder met twee keer $t$.
(d) Ansa is nou $k$ jaar oud. Hoe oud was Ansa 6 jaar gelede?

(4) Bepaal die som van die volgende uitdrukkings:

(a)
$$\begin{array}{r} 7x^2 - 2x + 8 \\ \underline{9x^2 + x + 11} \end{array}$$

(b)
$$\begin{array}{r} 1 + mn - 6m^2 \\ \underline{- 3mn + 2m^2} \end{array}$$

(5) Vereenvoudig:

(a) $2(xy - 3x + 5y) + x(2 - y + 3xy)$

(b) $\frac{4y^3 - (-2y)(y^4)}{-2y^3}$

(c) $6mpr(3m - 3p + 2r - k)$

(d) $3x^2 + 6y - 4 + 5x + 7y + 8$